

# REGISTRASIE VIR WERKNEMERSBELASTING [LOPENDE BETAALSTELSEL (LBS)]

## Registrasie as werkgewer

Volgens wet, moet 'n werkgewer by Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) registreer, binne 21 werksdae vandat hy/sy 'n werkgewer word, tensy geen van die werknemers vir normale belasting aanspreeklik is nie.

Vir werkgewers - indien jy wil aansoek doen vir registrasie van salarisrolbelasting:

- Voltooi die [EMP101e Payroll taxes - Application for Registration taxes](#) vorm
- Vir hulp met die voltooiing van die vorm, verwys na die [Guide for completion of Employer Registration application](#).
- Vir meer inligting oor werknemersbelasting, verwys na die 2018 [Guide for Employers iro Employees' Tax](#) vir meer besonderhede.
- Indien jy reeds vir 'n ander belastingsoort geregistreer is op eFiling, verwys asseblief na [How to complete the Registration, Amendments and Verification Form \(RAV01\) guide](#) as deel van die Enkelregistrasie inisiatief.

## Registrasie as 'n tak

Waar 'n werkgewer, vir registrasie doeleindes, vir afsonderlike registrasie van takke van die onderneming aansoek gedoen het, word elke tak as afsonderlike werkgewer geag.

Om 'n tak afsonderlik van die hooftak te registreer, moet 'n [EMP102e vorm](#) – Payroll Taxes – Application for Branch Registration voltooi en aan SARS gestuur word.

## Verandering van geregistreerde besonderhede

'n Werkgewer moet SARS binne 21 werksdae inlig van enige [veranderinge in geregistreerde besonderhede](#) (bv. naamsverandering, adres of wanneer nie meer as werkgewer operasioneel is nie, ens.).

## Registrasie vir VOH en WVF

'n Werkgewer wat by SARS moet registreer vir LBS en/of VOH, moet ook registreer vir die betaling van WVF-bydraes.

### Registrasie vir VOH-doeleindes

Waar 'n werkgewer aanspreeklik is vir die betaal van VOH, moet die werkgewer by SARS registreer en die regsgebied van die Onderwys- en Opleidingsgesag vir die Dienstesektor (SETA) waarin hulle geklassifiseer moet word.

Hoewel sommige [werkgewers vrygestel is van die betaal van VOH](#), moet alle werkgewers geregistreer wees.

### Registrasie vir WVF-bydraes doeleindes

Waar 'n werkgewer vir die [betaling van WVF-bydraes](#) aanspreeklik is, moet die werkgewer of by SARS of by die WVF-kantoor registreer (welke ook al toepaslik is) vir die betaling van die bydraes.

## Benodig jy hulp?

- Skakel die SARS-kontaksentrum by 0800 00 SARS (7277)
- Besoek jou naaste [SARS-tak](#).
- Jy kan ook een van [belastingwerkswinkels](#) bewoon of besoek jou naaste [SARS mobiele eenheid](#).

Om die blad in ander tale te besigtig, klik op die skakels hieronder:

- [English](#)
- [Sepedi](#)
- [Sesotho](#)
- [Xitsonga](#)